



Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Selfveragting

In Jeremia 1:5 sê die Here: "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het ek jou geken; **voordat** jy gebore is, het ek jou aan My gewy..." Die woorde aan Jeremia is natuurlik woorde wat oor/vir ons almal geskryf en bedoel is. My identiteit begin nie wanneer ek myself verstaan nie. Daar is iets van dit wat ek dink oor myself **voorafgaan**, en dit is wat **God** van my dink. Van daar af reageer ek eintlik net.

Ongelukkig vergeet ons so baie dat God die een is wat heel eerste inisiatief geneem het, dat Hy die Skepper is wat jou na sy beeld (ja, na SY beeld!!) geskep het en jou sy "**geliefde**" noem (Luk 3:22). Ons loop onself oor en oor vas in die alewige leuens wat die samelewing na ons kant toe gooi. En dan... voor ons onself kan kry, sit ons wéér in die woestyn en veg ons wéér vir 'n plek in die samelewing.

God het gelukkig meer genade met ons as wat ons met onself het. Dis nie altyd maklik om dit werklik te glo nie, want genade laat ons, ironies genoeg, somtyds baie ongemaklik voel. Genade laat ons somtyds selfs skuldig voel, want ons kan nie verstaan hoe ons só maklik 'n ereplek ("geliefde van God") kan kry nie. God gee oor en oor die belofte dat maak nie saak hoe minderwaardig jy voel nie, Hy eis jou al vir Homself nog vóór jou geboorte en Hy sing van vreugde oor jou.



Sondag 26 Mei

Selfveragting

Lukas 3:21-22 en Jeremia 1:5

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30 Klassiek	Hannes Theron
10:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00 Informeel	Lizette Louw
10:00 Jeugaktiwiteit	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Internasionale Studente

#Tienerkerk

*Vanaf 19 Mei tot 2 Junie is daar slegs
Tienerkerk, nie
dissipelskapgroepe nie.
Sterkt met die eksamen.*



Sondag 2 Junie Pinkster

Ek is Jesus se dissipel want...

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Jan van der Watt
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel (doop)	Jan van der Watt
10:00 Jeugaktiwiteit	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Jan van der Watt

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker,
beenmurgoorplanting
behandelings
Faan van der Westhuizen -
ernstige rugoperasies en
beenkanker
Paul van Staden - demensia
Ilze Havenga - wag op nier-
vervanging
Emmie van Tonder - chemo-
behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig
siek
Rina Smit - ICU

Rou:

Ons dink aan Riana
Swanepoel wie se ma Nancy
Nel oorlede is.
Ons dink ook aan Naas
Erasmus wie se pa oorlede is.

*Moet ons vir jou bid? Laat weet
ons asseblief by die
kerkkantoor: 021-851 5582 of
ontvangs@nghelder.co.za*



WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - a&8QS@xS

Dagboek

28 Mei - Kerkraadvergadering

19:00 in die Kapel, almal is welkom

30 Mei - Hemelvaartfees

06:30 is daar 'n sonsopkomdiens met ontbyt, bespreek asseblief by die kerkkantoor

17:00 is kosstaljies en lekker saamkuier

19:00 is 'n fees- en sangdiens

2 Junie - Pinkster begin

7 Junie - **Bordspeletjiesaand** vir alle ouderdomme @ 19:00 in die Tent

10 Junie - Helderberg Uitreik Jaarvergadering

Die week:

Dinsdag 28 Mei

06:00 Kom bid saam

17:45 Kantory oefen

19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Donderdag 30 Mei

Hemelvaart

Bevestiging van nuwe kerkraadslid

Klassieke diens

Annette Gerber

Baie welkom nuwe lidmate:

Adéle Beets - Benoni

Jean en Marianne Botes - Overkruin

Eline Kruger - Riversdal

Chris en Biebie van der Merwe - Rondebosch



Kiddie Pinkster

(gr 1 – 6)

Talente en Geestelike geskenke van die Heilige Gees van KidsXpress.

Elke aand tydens Pinkster om 18:45

Kleuterpinkster

3-6 jariges)

'n Vrugtefees saam met die Heilige Gees.

Elke aand tydens Pinkster om 18:45

Sinodesitting

Een van die koerante, Rapport, se koerantopfskrif van die opsomming van die sinode is: **NGK kyk nou na saambly**. Daar was géén gesprek, óf besluit óf enige tema wat raak aan saambly gevoer nie. As jy terugvoer wil kry van mense wat werklik daar

was en deur die Here aangeraak is, gaan lees op ons webblad die artikel daaroor, www.nghelder.co.za.



Jan die mens

Paul Barnard se getuienis oor hom – hy was een van sy dosente.

Hierdie Pinkster het ons die wonderlike voorreg dat Prof Jan van der Watt by ons kom kuier. Prof Jan se tema is: Ek is Jesus se dissipel want ...

Prof Jan is getroud met Shireen en hulle het een dogter en twee kleinkinders. Prof Jan het twee doktorsgrade, een in Nuwe Testament en een in Grieks. Ek onthou hoe ons vir hom vrae gevra het uit die Nuwe Testament en dan haal hy die Bybel in Grieks aan en vertaal dit soos hy ons antwoord.


Hy was dosent by verskeie universiteite hier in Suid-Afrika en reg oor die wêreld en het meer toekennings ontvang het as wat by 'n skool se prestasie aand uitgedeel word. Hy word gereken as een van die beste Nuwe Testamentikusse in die wêreld en die Nuwe Testamentikus in Suid-Afrika wat die hoogste gegradeer is, is Prof Jan een van die nederigste mense wat ek ken.

Sy liefde vir God en vir mense staan voorop. Hy het die vermoë om moeilike sake so te verduidelik dat dit eenvoudig klink, dit sien ons duidelik ook uit die meer as 70 boeke wat hy geskryf het. Prof Jan het nog altyd die vermoë gehad om verantwoordelik op hoë akademiese vlak enige iets te hanteer en dit onmiddellik terug te bring na 'n diepe geloofsbelewenis. Ons het vele male uit sy klas gestap diep onder die indruk van die Heilige Gees.

Hy is mede-skrywer van Die Boodskap, My eerste Boodskap, Die Nuwe Testament vir kinders en Die Afrikaans-Griekse Interliniër.

Hierdie sinnetjie beskryf hom vir my die beste. Dat die persoon wat die Afrikaanse-Griekse Interliniër skryf, ook die skrywer kan wees van Kinderbybels is iets besonder. Iemand wat akademies op die hoogste vlak beweeg, maar nog tyd het vir kinders, maak dat ek na Prof Jan kan luister as hy praat oor dissipelskap, hy preek nie net die boodskap van Jesus nie, hy leef dit.

Die dienste is elke aand om 19:00 en sal die volgende oggend om 10:00 deur Jan in die Kapel herhaal word.



Pinkster: Ek is Jesus se dissipel want...

Hy maak my lewe die moeite werd (1 Kor 15:12-20)
Ek is soos Hy (Joh 14)
Sy Gees lei my (Gal 4:16-26)
Hy leer my hoe om weer te begin (Matt 18:21-35)
Hy is net 'n gebed ver (1 Joh 5:14-15)
Ek sien vir die lewe kans (Prediker en Fil 4:13)

Gebedsweek: 26 Mei tot 2 Junie 2019



Kom neem jou plek in vir 1 uur elke dag op die gebedsmuur en bid saam met die groter Helderbergkom vir herlewing in ons gesinne, gemeenskap, kerk en land.

7 Days on the Wall gebed inisiatief van Jericho Mure moedig ons aan om vir die volgende sake in te tree:

- Geestelike ontwaking van die kerk (Jesaja 62:6,7)
- Redding van die ongeredde (Handelinge 15:16)
- Sosiale geregtigheid (Lukas 18: 7,8)

Omgeegroepes, bybelstudiegroepe en individue word uitgedaag om in hierdie week net 1 uur per dag in te ruim vir gebed. Daar is baie inligting beskikbaar om vir 1 uur te bid; dan sien jy dat 'n uur eintlik te kort is.

Vir meer inligting kontak gerus vir:

Annette Botha by 021-851 5582 of fbadmin@nghelder.co.za

A poster for the Helderberg Uitreik Jaarvergadering. The background is a close-up of green wheat stalks. The text is white and bold. In the top left corner, there is a logo with a stylized 'H' and the words 'Helderberg UITREIK'. The main text reads: 'Helderberg Uitreik Jaarvergadering', '‘n Vriendelike uitnodiging na Helderberg Uitreik se Jaarvergadering op 10 Junie om 18:30 by Helderberg Gemeente Firmountweg 82 Somerset-Wes'. At the bottom, there is a green banner with white text: 'RSVP @ 5 Junie louise@nghelder.co.za 0218515582'.

Heerlike droëwors

vanaf Merweville is te koop by Ontvangs @R120 per 500g, ten bate van die Versorgingsfonds.

Ondersteun gerus ons Helderberg lidmate in nood.

Navrae Odette by odette@nghelder.co.za of 021-851 5582 indien jy op grootmaat wil aankoop. Kaartfasiliteit is ook beskikbaar.



Sweetpakkamateriaal

Die Dienssentrum is op soek na enige afval sweetpakkamateriaal. Hulle het dames wat sweetpakkbroekies maak vir die projekte, maar is nou op soek na nog materiaal.

Kontak vir Yolandé van die Dienssentrum by 021 850 6911

AGL OPERA

Ter fondsinsameling vir
Pêrelprojek en Helderberg Gemeente

**SYMPHONY
OF
PRAYERS**

Sondag 2 Junie om 15:00
HELDERBERG GEMEENTE
Kaartjies R100 by Computicket
of Helderberg Kerkkantoor.

Logos for sponsors: Helderberg Gemeente, Computicket, and others.

Bederfies benodig

Harmonie projek bied elke Donderdagaand 'n reeks herstel programme aan vir mense wat 'n

geliefde verloor het, asook enkelouers en hul kinders. Dit is daarop gemik om hulle te help om emosioneel en geestelik te herstel. Maar op 'n ander vlak help ons hulle ook met praktiese ondersteuning soos koopbewyse vir noodsaaklike aankope.

Hoe kan jy betrokke raak? Ons sluit elke reeks af deur vir elkeen 'n bederfpakkie te gee. Dit bevat gewoonlik eetgoedjies om die vakansiedruk bietjie te verlig en ietsie spesiaals in elke pakkie. Ons benodig bydraes soos eetgoed, *hot chocolate*, *Hug in a Mug*, winkel koopbewyse, klein geskenkies soos grimeer "samples" of enige ander items waarmee ons hul kan bederf. Omgegroepe kan saam 'n klompie goed gee, of as individu kan jy iets skenk. Elke sak hoef nie dieselfde items te hê nie. Bydraes kan afgegee word by die kerkkantoor – gemerk vir Harmonie. Of kontak Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com of 072 189 9360



Familiebediening

Die gr 1-3's gaan vanoggend ná afloop van die diens in Joppe wees en nié in hul klassies nie. Kom haal asseblief die kinders daar.

Die gr 1-3's gaan vir Pinkster-Sondae, 2 en 9 Junie in die Jeugsentrum wees vir die Jeug-Pinkster. Ouers kan ná afloop van die informele dienste die kinders in Jeugsentrum kom aphaal.

Familiebediening benodig:

Vir Pinkster:

Goue sterretjies, baie word benodig
Rooi, wit en groen lekkers (bv. Sparkles)
Nartjies

Vir Holiday Club:

Ontbyt
Beskuit
Koekies
Langlewe melk
Suiker, koffie en tee

Bybelvasvra

Vrydag, 17 Mei was vanjaar se 1'ste rondte van die Rapportryers se Bybelvasvrae. Die juniorspan het die skrifgedeeltes Genesis 12-16 en Lukas 1:1-65 geleer waaruit drie vraestelle opgestel word. Die vasvra bestaan uit 3 afdelings, nl. meer-voudige keuses, kortvrae en snelsoek wat alles teen tyd geskryf word.

Die Seniorspan moes leer uit 1 Samuel 1-11 en Johannes 1-6 en die afdelings is meervoudige keuses, pasmaats, versbou, blokraai en snelsoek.

Die ander laerskole wat deelgeneem het was Stellenberg, Stellenbosch Laerskool en De Hoop Laerskool.

Die kinders leer nie net bybelkennis nie, maar ook 'n liefde vir die Woord, hoe om as span saam te werk en mekaar beter te leer ken. Die kinders kom gewoonlik op 'n Vrydagmiddag bymekaar en het ook lekker pret saam.

'n Span bestaan uit 4 kinders en kan vanaf graad 3 begin deelneem. Vir meer inligting kontak vir Lizl of Annette by die kerkkantoor – 021-851 5582.



Juniorspan is: Marli van Zyl, Milah Derks, Judith de Bod en Anné Botha



Seniorspan is: Kayla Grobbelaar, Mienke Krog, Annelien Botha en Cara Siebert

Pêrel Projek

Die bestuur van die Pêrel Projek sê baie dankie vir almal wat in die afgelope tyd op enige manier bygedra het tot die projek.

Wil jy betrokke raak by die Pêrel projek?

Ons soek vrywilliger(s) wat:

- Gereeld tydens skoolkwartale op 'n Woensdagmiddag vir 'n uur kan uithelp by 'n middagprogram vir graad 1 en 2 kinders.

- Twee keer per maand tussen 2 en 3 uur in die middag 'n storie vir kleuterskoolkinders kom lees by een van ons ECD sentrums.

Vir inligting kontak asb die koördineerder Frederike van Schalkwyk by

076 177 6256 of info@pearlproject.co.za.

Inligting oor die projek: www.pearlproject.co.za



Wen 'n lekker trollie vir jou kaggelhout

Die winter is om die draai en dan moet jy weer elke aand kaggelhout aandra. Moenie so sukkel nie. Koop vir jou 'n kompetisiekaartjie om hierdie fantastiese trollie te wen vir jou kaggelhout. Laai hom vol en parkeer hom langs jou kaggel.

Die kompetisie, wat vir die Herfsmakietie bedoel was, loop aan tot 10 Junie, omdat daar te min kaartjies verkoop is.

Kaartjies @ R50 elk is te koop by die Kerkkantoor. **Ten bate van die Sri Lanka-projek.**

Prys geborg deur **The Trolley Company**
www.trolleycompany.co.za



Helderberg Uitreik 2018/2019

**Mense bedien met
Evangelisasie**

Kinders: 6 272

Volwassenes: 2 319

Totaal: 8 591

Helderberg Uitreik 2018/2019

**Mense bedien met
Ontwikkeling/Onderwys**

Kinders: 6 592

Volwassenes: 811

Totaal: 7 403

Symphony of Prayers

Sondag 2 Junie om 13:00 – Helderberg Gemeente

Die Symphony of Prayers-projek trek enige klassieke musikante bymekaar wat graag 'n verskil wil maak in ons gemeenskappe. Sangers en instrumentaliste sit koppe bymekaar om 'n konsert saam te stel wat gewyde klassieke musiek voorlê. Al die musici tree gratis op om sodoende hulle bydra tot die gemeenskap te lewer. Die gelde wat ingesamel word deur kaartjie verkope, word dan vir plaaslike projekte geskenk vir die groei en vooruitgang van die gemeenskap.

Helderberg is uiters bevoorreg dat Symphony of Prayers op 2 Junie só 'n konsert by ons wil hou. Die helfte van die kaartjieverkope is ten bate van die Pêrel Gemeenskapsprojek vir Ontwikkeling en die res word aan die kerk geskenk. Kaartjies word teen R100 op Computicket verkoop, maar vir dié wat nie so vertrouend is met die sisteem nie, kan kaartjies by die kerkkantoor koop. Navrae Yolanda Botha by 082 312 6348

Kinderbeskermingsmaand

27 to 31 Mei 2019

In Mei sal sosiale media se fokus op hierdie onderwerp wees. By STOP'IT word daar nie net gedurende Meimaand bewusmaking gedoen nie, maar dwarsdeur die jaar. Saam met STOP (Stop Trafficking of People) is dit die doel van die projek om bewusmaking te doen ter voorkoming van mensehandel.

Tydens STOP'it se besoeke die afgelope week, georganiseer deur MACINCEDANE, 'n gemeenskapsdiens in Somerset-wes, is byna 300 kleuters by verskeie kleuterskole besoek. Hierdie kindertjies het geleer om hulle stemme te gebruik wanneer hul moontlik in 'n situasie van misbruik beland. Vir meer inligting kontak Isabel Vroon by bella.vroon@gmail.com.



Helderberg
ULTRIEK



Internasionale studente bediening



'n Engelstalige erediens word Sondae om 10:30 gehou vir internasionale studente by die Khaya in Stellenbosch

Tradisioneel het die kerk aan getuies gedink net as om sendelinge na ander lande te stuur. Nou kom die wêreld na ons deur internasionale studente.




Stellenbosch Universiteit het meer as 4 200 internasionale studente van 110 lande, wat hoofsaaklik nagraads is. Baie kom uit geslote lande en is ontvanklik vir vriendskap en die evangelie. Geestelike deurbrake het onlangs plaasgevind met studente wat navolgers van Christus geword het.

Die kampus is 'n strategiese plek om die toekomstige leiers en room van lande te bereik. Die kampus is die plek waar geestelike herlewings of revolusies in die geskiedenis ontstaan het.

Dis 'n strategiese bediening en die volgende moet in gedagte te hou: "International students come at no expense to the church. Many are from nations that restrict the open declaration of the gospel. Because they have left behind families they are open to new friendships and the gospel".

Internasionale studente het as vreemdelinge baie ondersteuning nodig met hul aanpassing in Suid-Afrika. Dikwels duik krisisse op waarmee hulle plaaslike Christene se ondersteuning benodig. Die onlangse bomontploffings in Sri Lanka was traumaties vir 'n egsaar van die land.

'n Geestelike tuiste word geskep vir die vreemdeling deur 'n Engelstalige erediens. 'n Duitse student deel: " Die kerk is nie gewild in Duitsland nie. Ek het besluit om die kerk 'n laaste kans te gee in Stellenbosch en tot my verbasing het ek 'n geestelike tuiste gevind by internasionale erediens".



Besoekers van Frankryk, Japan en Duitsland het erediens te onlangs besoek.

Tans woon 'n aantal studente die "Alpha kursus" by, wat 'n veilige ruimte bied om die Christelike geloof te ondersoek.

Daar is ook 'n weeklikse ondersteuningsgroep vir vroue van studente. Vroue word bygestaan na geboortes en wanneer hul kinders in die hospitaal opgeneem word.

Getroue medewerkers van verskeie gemeentes help met die bediening. Die netwerk staan bekend as FANS (Friends of All Nations Stellenbosch).

Jurie en Magdaleen Goosen is verantwoordelik vir die bediening. Dis 'n geloofsaksie sonder 'n gewaarborgde salaris. Voltydse werkers is vir hul lewensonderhoud en bedieningsuitgawes volledig afhanklik van vrywillige bydraes. Die bediening het baie gegroei, maar beleef 'n geldelike tekort op hul begroting. Ons is baie dankbaar teenoor ondersteuners en voorbidders, wat die geloofsbediening moontlik maak.

Die projekspan het behoefte aan lidmate wat deelyds kan help met bemerking, fondswerwing en sosiale media. Tans benodig ons twee gebruikte skootrekenaars en fietse vir twee jongmense wat opgegroe het in Midde-Ooste en teruggekom het na Suid-Afrika.

Kontak die projekleier **Hans Krijt** by 082 333 8008; epos krijt@iafrica.com of Jurie (083 2355 920) of Magdaleen (082 4272924) of stuur epos na: goosens@isales.co.za



HEMELVAARTFEES

Donderdag 30 Mei

06:30: Sonsopkomsdiens & ontbyt
(bespreek by Kerkkantoor)

17:00: Feeskostalletjies

19:00: Fees- & Sangdiens

**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30

Skoolvakansie: 8:00 - 13:00


**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Beradingsentrum:

Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14719

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik

Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*